DEEL 115 | WEEK 44 | 3 NOVEMBER 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Na 38 jaar belê koerantverkoper in Heilbron



*Volgens Johan Botha (tweede van regs), eienaar van Steers & Debonairs sal Heilbronners more kan smul aan die bekende franchise se kos. As blyk van waardering is Tom Watson (tweede van links) oud-redakteur en eienaar van Heilbron Herald gevra om die deure amptelik te open. Botha was vol lof vir Johan Nelson (links), se kwaliteit vakmanskap as boukontrakteur van die projek. Johan se seun Lihan Botha (regs) sal 'n bestuursoog hou op hulle Heilbron besigheid.*

Johan Botha, een van die Herald se "koerant seuns" wat tot 1985 koerante verkoop het vir sakgeld het na 38 jaar teruggekeer en in 'n sakeonderneming hier belê. Die storie het 'n ander kant ook omrede Heilbronners hul harte oopgemaak het vir die jong seun van Piet en Joey Botha van Luytstraat. "Klein" Johan het by die Herald se kantoor ingestap as matriekleerling aan die HTS skool op Kroonstad – hy het daar tegniese vakke geneem omrede Heilbron nie die vakke aangebied het nie – en ons meegedeel dat hy sowat twee weke gelede gekies is om die Vrystaat te verteenwoordig in die naellope (100 m, 200 m en verspring) op 'n geheime toer wat deur Sam Pellissier (hoof van Sasolburg Hoërskool) gelei is. Die naam van die toer moes geheim gehou word weens politieke druk.

Hy of sy ouers het nie die fondse om hom op die toer te stuur nie – hy kort R1000! Die Herald het ingespring en binne een week is R885 deur donasies ingesamel en R115 het nog kort gekom. Die volgende week het Heilbronners hul harte oopgemaak en R1332 is aan Johan se ouers oorhandig – daar was geen keer aan Heilbronners se welwillendheid nie.

Johan het die toer meegemaak – baie geleer en die Vrystaat se naam hoog gehou.

Johan is terug na sy geboorteland en hom na skool as onderwyser bekwaam en later die sakewêreld betree en uiteindelik sy eie sake begin bedryf. Vandag is hy 'n suksesvolle restaurateur.

Heilbron het diep spore in sy lewe getrap en hy wou graag teruggee aan sy mentor.

Heilbron Debonairs & Steers sal Saterdag sy deure open vir besigheid na vyf maande se bouwerk. "Ek probeer net teruggee waar ek met soveel liefde ontvang het!" vertel Johan.

Naskrif – Johan vertel dat sy seun "klein" Johan ook as skoleatleet 'n Suid-Afrikaanse naelloopkampioen was. Dit kom van sy moeder se kant skerts hy.









# Elektrisiteitsmeters - *Nog 'n dreigende Ngwathe krisis?*

"Daar moet dringend deur Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit aandag geskenk word aan die proses om voorafbetaalde kragmeters op te gradeer om tred te hou met nuwe tegnologie. Enige meter wat teen 24 November 2024 nog nie oor die nuwe tegnologie beskik nie, sal dan disfunksioneel raak," sê Vryheidsfront raadslid Phillip van Der Merwe.

Die opgradering behels die invoer in elke meter van twee kodes van 20 karakters elk en behoort dus relatief maklik gedoen te kan word. Wanneer egter in ag geneem word dat daar in die RSA meer as 10 miljoen sulke meters bestaan, raak dit 'n enorme taak. Ongeveer 6.5 miljoen van die meters bedien verbruikers wat elektrisiteit direk vanaf Eskom aankoop, terwyl meer as ongeveer 3 miljoen deur munisipale klante gebruik word.

Alhoewel die noodsaaklikheid van die opgradering reeds lank bekend is, is 1 Oktober 2023 spesifiek bepaal as datum waarop alle instansies wat nog nie die proses voltooi het nie, dit as prioriteit moet begin hanteer. Verskaffers het 'n keuse uit drie opsies om die proses te hanteer. Eerstens die sogenaamde DIY proses waar 'n verbruiker die tersake twee addisionele kodes ontvang wanneer krag aangekoop word en dan self die kodes vooraf in die meter invoer voordat die kode van die aangekoopte krag, wat gelyktydig verkry word, ingevoer word. Alternatiewelik kan interne personeel van die verskaffer 'n fisiese besoek aan elke meter in sy gebied bring en die kodes invoer. Die derde opsie is dat 'n kontrakteur aangestel word om die opgradering te behartig.

Ngwathe het ongeveer drie jaar gelede verkope van krag en 'n aantal ander funksies per ooreenkoms aan die firma Cigicell oorgedra. Die firma verkoop tans nog krag namens die munisipaliteit, maar het meeste van die ander dienste gestaak weens wanbetaling van hul rekeninge. Volgens raadslid Van der Merwe is die goeie nuus dat dit blyk dat Cigicell wel vroeër met die opgraderingsproses begin het en dat meer as 60% van die etlike duisende meters in Ngwathe tans reeds opgedateer mag wees. "Dit sal die afhandeling van die proses in Ngwathe heelwat vergemaklik indien my inligting in dié opsig korrek is," sê hy.

Die Suid Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging, SALGA, het hulp aangebied om die proses te hanteer aan veral kleiner munisipaliteite. Die hulp behels onder andere die beskikbaarstelling van gegradueerde persone in samewerking met die South African Council for Graduates. Dit blyk dat diesulke persone reeds vanaf 1 Junie 2023 vir een jaar beskikbaar gestel was, maar dit lyk nie of Ngwathe sover enigsens van die hulp gebruik gemaak het nie.

"Ek is uiters bekommerd oor die situasie omdat die tyd waarbinne die proses afgehandel moet word min is. Chaos kan volg indien alle meters nie teen 24 November 2024 opgegradeer is nie, daar sulke meters nie daarna bruikbaar sal wees nie en verbruikers sonder kragtoevoer sal laat. Ek het gevolglik by die burgemeester aangedring dat die saak dringend by 'n spesiale raadsvergadering gedebatteer word sodat op 'n proses besluit kan word waarvolgens die oorblywende meters ge-identifiseer en hanteer moet word", sê raadslid Van der Merwe.

# Briewe van ons lesers

***Die volgende skrywe is ontvang A Grobler van Ringerstraat 47, Heilbron gerig aan die Redakteur.***

Graag verwys ek na u berig van 20 Oktober 2023 waarin die moontlikheid van windturbines geopper word. Die wonderlikheid van Demokrasie is dat niemand meer iets kan sê want die meerderheid het die besluit goedgekeur

Vanaf die jaar 2000 is die geskrifte beskikbaar oor die gevare van selfoontorings en bestraling.

Kyk waar is die torings opgerig. Ondersoek self die gevolge op die inwoners.

Windturbines word in woestyngebiede opgerig met geen menslike bewoning omdat dit nie moontlik is om daar naby te woon.

Die inligting is net soos selfoontorings beskikbaar op jou vingerpunte.

Emosionele besluite kan jou nageslag beïnvloed.

# Beweerde "Spookwerkers": Steeds swye

Het Ngwathe enige 'spookwerkers' in diens, soos onlangs beweer is? Teen gisteroggend was dit steeds onseker, tot groot ergernis van opposisieraadslede wat die kwessie aan die groot klok gehang het. 'n Beloofde verslag daaroor "het eenvoudig nie verskyn nie."

Heilbron Herald het reeds berig oor die vermoede onder raadslede dat Ngwathe munisipaliteit sogenaamde werknemers salarisse betaal sonder dat hulle voltydse (of selfs enige) munisipale werk doen (Heilbron Herald, 27 Oktober). Hierdie spookwerkers verskyn op die munisipale betaalstate, maar rapporteer óf gladnie vir diens nie, óf meld soggens aan maar verdwyn weer baie gou daarna.

'n Dramatiese bespreking hieroor is laat verlede maand deur die Finansiële Komitee (FinKom) gevoer. Die aanloop daartoe was 'n debat oor knaende diefstal van munisipale eiendom vanaf persele (en skade aan geboue) by tye wanneer sekuriteitsbeamptes juis sulke voorvalle moet voorkom.

Raadslid Phillip van der Merwe (VF+) het gesê Ngwathe beskik tans nie oor 'n doeltreffende stelsel wat amptenare by hul aankoms by die werkplek inklok en uitteken by hul vertrek nie. Na bespreking het FinKom besluit om só 'n stelsel te laat ondersoek vir dringende gebruik. Die ondersoek sal ook sekuriteitskameras insluit, veral by magasyne en pakkamers om verdagte bedrywighede te fotografeer, en ook om te kan monitor of sekuriteitspersoneel tydens hul skofte voltyds aanwesig bly.

DA-raadslid Arnold Schoonwinkel het gesê hy is vertroulik ingelig Ngwathe het spookwerkers wat ten volle betaal word "sonder om 'n steek werk te doen." DA-vrae in Mangaung metromunisipaliteit, gesteun deur die VF+, het daartoe gelei dat 119 spookwerkers onlangs daar ontmasker is. In Maluti-A-Phofung, die munisipaliteit met Harrismith as hoofdorp, het DA-ondersoeke, weereens met die steun van die VF+ asook sekere ANC-raadslede, gehelp om 26 spookwerkers aan die kaak te stel.

Schoonwinkel het gesê hy hoor daar is ook spookwerkers in Ngwathe. 'n Ander raadslid het daarop beweer 'n personeellid in Koppies meld soggens vir diens aan by die munisipale kantoor en verkas dan dadelik om 'n besige spaza tuis te gaan bedryf. "En niks gebeur nie," het die raadslid bygevoeg. Nog 'n raadslid, hierdie keer van die ANC, het gesê hy hoor sekere munisipale amptenare in Vredefort drink tydens kantoorure in 'n kroeg, wat hy nogal glo "want bedags is hulle kantore leeg". Hy kon die drinkery nognie bewys nie want die drinkende werknemers kruip glo weg wanneer sy voertuig in die omgewing kom.

Raadslede van alle partye het aangedring op 'n volledige ondersoek, maar 'n senior amptenaar het gesê so 'n ondersoek vind reeds plaas. Daarop het die FinKom-voorsitter, ANC-raadslid Serati, die bevindings binne 'n maand op die komitee se volgende vergadering beloof.

Rdl Schoonwinkel wou gouer reeds weet: "sommer vandag of móre al". Ook Rdl Van der Merwe het spoedige optrede gevra, onder meer, waar nodig, kriminele sanksie. Die komitee is toe beloof 'n verslag sou "binne dae" beskikbaar wees.

Dit was egter, blykbaar sonder verduideliking, nognie beskikbaar toe Herald gisteroggend ter perse gaan nie.

# UIT DIE PEN: Week 44 van 2023



Onlangs moes ek vir werk na die Oos Kaap toe. Gonna, het die wind gewaai! Maar dit is mos die oorspronklike plek waar die wind gemaak word, sê die wat weet. Ons land op die ewe winderige lughawe en ry na 'n vakansieplek waar die water voor jou sitkamervenster teen die skerp klippe lek.

Ek stap na die klein winkeltjie om aandete te gaan koop. Iemand kom nà my die winkel binne.

"Jislaaik, Johnny, maar die wind waai vandag."

Johnny sê: "Hierdie is net 'n briesie. Jy sal weet wanneer dit 'n wind is."

Op pad na ons huisie toe waai die wind my boskaashare dat dit my smaak ek styg op. Twee bruin mans kom van voor af. Die een lig sy pet.

"Goeiemiddag, dame."

Wanneer laas het ek dit gehoor, wonder ek? Iemand wat my as "dame" aanspreek. Ek klassifiseer onder die vroulike geslag, maar ek lag soms hard en lelik, doen dinge wat ander mense se wenkbroue lig. Ek vertel soms stories waaroor my ouma sou bloos en dans soos iets wat gif ingekry het. Maar dame: dit was voorwaar 'n kompliment om weer so genoem te word.

Dalk ken nie knape my nie, dink ek. Dalk is hulle maar net so gemanierd. Of dalk is dit omdat ek ten minste alle gedeeltes van my lyf toegemaak het.

Jy lag. Dit gebeur deesdae. En dan is daar een of ander *woke* mens wat iets daaroor te sê het.

Hier is die penarie: sommige meisiemense dra regtig te min lap. En dis die bottom line hiervan. As jy die persoon aanspreek daaroor, wil hulle gewoonlik weet of jy jaloers is. Of dalk wil jy hulle "body shame". Dalk het jy 'n probleem met jou eie lyf en dit is hoekom jy nie wil hê dat ander 'n stukkie pienk vel moet wys nie. Of jy is outyds en verstaan geen mode nie.

Harper's Bazaar, Vogue, InStyle en nog baie ander modehuise het vanjaar baie artikels en fotos van vroue met deursigtige klere by prysuitdelings gehad. Baie daarvan regtig stylvol. Maar styl is relatief, kom ek agter.

Ek het, nie lank gelede nie, saam met iemand gewerk wat oormatig bedeeld was. En ek sê dit met groot respek. Sy was ook oorgewig. Haar halslyne was wie weet waar. Wanneer ek met haar gestaan en gesels het, het ek speels haar halslyn hoër gelig. Dalk nie die regte ding nie, iemand kan my dalk aankla. Maar die twee karnallies het gedreig om iewers uit te val.

Op 'n dag het ek besluit om 'n stel moontlike kleredragreëls saam te stel. Ek skryf dat onderklere nie moet deurskyn nie, nie by die mans nie, en nie by die vroue nie. Dat die dra van te stywe klere nie by die werk gedoen moet word nie. Die goed wat veronderstel is om binne-in die onderklere te wees, moet binne-in die onderklere gehou word. Some moenie te kort wees nie. Geskeurde klere is uit. Kyk dat jy ten minste vir jou pa ordentlik sou lyk wanneer jy die huis verlaat.

Maar, o wee. Die feit dat ons daagliks met die publiek werk, het geensins inslag gevind nie. Want wat maak jy nou as jou klere tans deurskyn? Die persoon dra dit nog altyd so, en hoekom kan sy nie aanhou om dit so te dra nie? Die stywe klere: hoekom moet sy 'n netjiese top daarby dra wat haar agterstewe toemaak? Hoe eng is ons nou eintlik? As sy nie onderklere wil dra nie, hoekom moet sy?

En nee, sy het nie 'n pa nie en die reëls diskrimineer. Punt.

Nou ja. Daar het jy dit. Ek los die hele spulletjie en laat haar aantrek wat sy wil aantrek. Totdat sy onlangs by die kantoor aankom met 'n swart gimspanbroek en 'n swart stywe oefentoppie. Wit oefenskoene.

Dis 'n nagmerrie om agter haar te loop. Die losserige dele hop, skiep en jump in jou gesig.

Ek byt op my tande, maar my gevoel gaan nie weg nie.

My baas laat weet so in die verbygaan: Miskien moet ons weer na die kleredragreëls kyk. Ek voel effens selfbewus, sê hy.

Uiteindelik, sê ek.

Miskien is dit nodig om met so 'n gesprek te begin: hoe trek jy aan wanneer jy professioneel wil lyk en wanneer jy ontspanne is, wanneer jy wil aandag trek en wanneer jy net jou werk wil doen.

Ek dink nie iemand het my al ooit oor my kleredrag aangespreek nie. As hulle het, sou ek my iedergeval so diep geskaam het, dat ek nooit weer daaroor sou wou praat nie.

Die eerste reël is dat jou pa jou kleredra moet goedkeur. As jy die skuiwergat wil gebruik dat jy nie 'n pa het nie, dink aan iemand wie se opinie jy hoog ag. Wat sal daardie persoon sê oor hoe lyk aantrek? Sou jy jou kind so laat aantrek?

Die tweede reël is: trek aan soos die betrekking wat jy eendag wil beklee. Vir sommiges maak dit dan sin om skraps geklee te wees indien jy planne het om 'n grootbaas in die ontkleebedryf te wees, maar vir die meeste mense sal dit beteken dat hulle ordentlik sal aantrek.

En die verskoning dat jy nie geld het vir (meer) professionele klere nie? Dan sal jy maar na jou prioriteite moet kyk. As jy hou van kuier en uitgaan en duur drank, kan jy definitief na jou kleredrag ook kyk.

Vandag se les is om al die linne binne te hou wanneer jy na jou werksplek toe gaan. Dit is die prentjie wat mense sien wanneer hulle by die kantoor instap: professioneel, netjies, gekultiveerd.

Dit sou wonderlik wees indien ander mense, met wie ek daagliks te doen kry, my ag as 'n dame. Dit toon respek, wat moeilik bekombaar is in hierdie dae.

# INSPIRASIE RESEPTE - Pasch du Plooy



**BRAAI SIDES**

This is one of my go to side dishes in summertime and when corn is in season. It's easy, quick and so delicious. One corn per person for a side, but you can double up this recipe if you want to serve it as a starter or snack. Either way, it's a crowd pleaser.

Preparation time – 30 minutes
Cooking time – 20 minutes
Serving – 4 people

**Ingredients for the corn**

4 large sweetcorn's, husk bulled back and tied
2 tbs olive oil
1 tbs Aromat / salt
1 wheel feta, fine crumbed
1 tbs chilli flakes

**Ingredients for the dressing**

½ cup sour cream
½ cup mayonnaise
Juice and zest of 1 lime
1 clove garlic, grated
1 red chilli seeded and finely chopped
20g chopped finely chopped coriander
1 tsp smoked paprika

**Method for the dressing**

Combine all ingredients in a mixing bowl and mix well to combine. Refrigerate until use.

**Method for the corn**

The best cooking method is over an open fire, but a grill pan will work fine. Use a brush and baste the corn with oil. Over medium to high heat, grill the corn while turning regularly for 15 minutes until golden brown all around. Remove from the fire and season with Aromat or salt.




**How to serve**

Place corn on a serving tray, drizzle well with dressing, sprinkle with crumbled feta and chilli flakes. Garnish with fresh lime and coriander.

**Chefs note**

Can use "groen mielies" when in season!

# Troukoors



*Tommy en Amoré Watson is getroud op 28 Oktober 2023 te Casa Cara Lodge buite Parys. Die egpaar het hulle huwelik bevestig op dieselfde dag as wat die Bokke hul vierde Wêreldbeker verseker het. Die paartjie was aangekondig as Mnr. en Mev Watson op die liedjie "Hier kom die Bokke." Tommy is die seun van John en Amarinda Watson van Heilbron, en Amoré is die dogter van Barné en Adele Yzelle van Carletonville. Die egpaar geniet hul wittebrood in Mauritius voor die realiteit van werk weer inskop.*

# Riemland verloor 'n legende



*• Mariska du Plessis*

Op Saterdag 28 Oktober 2023 rondom 11:30 het Liezl Beukes haar bevordering gekry na haar hemelse woning na sy afgesterf het in 'n kop aan kop botsing in Pretoria. Liezl is gebore op 7 November 1975 en sy laat haar geliefde man Gerhardus en 4 pragtige kinders (Larika 26, Christiaan 24, Ruwee 19 en MG 18) na. Sy laat ook haar pa Christo, sussie Estelle, broer Quartus, broer Niel en skoondogter Elaine en hulle gesinne na. Liezl was woonagtig op Slaapplaas te Petrus Steyn. Liezl se nalatenskap is 'n uitverkoopte lewe wat sy geleef het vir Jesus en Sy evangelie. Sy is weergebore op 16 jarige ouderdom en het 'n vuur vir die evangelie gehad. Daar was egter 'n tyd waar sy louwarm geraak het en in 2008 het die Here weereens die vuur warm aangesteek in haar hart en sy het opnuut haar lewe aan Hom gewy. Liezl het onder die outoriteit van die His House Fellowships soveel harte gelei na Jesus. Sy kon nie verby jou stap sonder om seker te maak jy weet Jesus het jou lief nie. Regdeur die Riemland en Gauteng is haar nalentskap in mense wat die Here vurig dien en warm is vir Sy Koningkryk, omdat hulle by haar die evangelie gehoor het. Sy was onverskrokke in haar bediening en het Jesus geleef. Van Heilbron, Petrus Steyn, Harrismith, Frankfort, Lindley, Bloemfontein, Vanderbijlpark en Vereeniging en nog vele dorpe is daar soveel mense wat haar liefgehad het en vir wie sy soos 'n Geestelike moeder en mentor was. Liezl se begrafnis is Maandag 6 November 2023 om 14:30 te NG Kerk, Petrus Steyn. Liezl word gemis en haar plek is leeg. Ons berus egter dat sy net voortgegaan het met die gesprek waarmee sy besig was met Jesus en dat sy nou haar hemelse woning betree het. Almal is lief vir jou, Liezl.

# Hannetjie word te ruste gelê



*Hannetjie Spangenberg is die 20ste Oktober 2023 oorlede. Haar gedenkdiens is Saterdag, 4 November 2023 om 11:00 vanuit die NG Kerk Oranjeville.*









# 'N DEKADE VAN TOEGEWYDE FINANSIËLE ADVIES


*GP Rossouw*


*Jolandri Mienie*

Rossouw Finansiële Dienste vier hierdie jaar 'n dekade van dienslewering en toegewyde versekeringsadvies aan elkeen van hul kliënte in Heilbron.
GP Rossouw, ongetwyfeld 'n toegewyde en dinamiese makelaar, het die afgelope 10 jaar 'n belangrike rol gespeel as versekerings spesialis.
Deur sy kennis, vaardighede en ondervinding kan hy kliënte verseker van gehalte diens en gemoedsrus vir elke versekeringsbehoefte.

In 2021 het Jolandri Mienie, 'n jong dinamiese dame, by Rossouw Finansiële Dienste aangesluit. Jolandri is welbekend in Heilbron aangesien sy reeds haar voete in die versekeringsbedryf gevind het.
Sy vier ook vanjaar saam met Rossouw Finansiële Dienste, haar toetrede as volwaardige onafhanklike makelaar by Rossouw Finansiële Dienste.

Rossouw Finansiële Dienste lewer steeds die volgende dienste en kan u verseker van voorgehoue en voortreflike diens met elk van u versekeringsbehoeftes:

- Lewensversekering
- Oesversekering
- Beleggings
- Boedelbeplanning
- Finansiële behoefte bepalings
- Korttermynversekering
- Mediese fondse
- Testamente
- Finansiële advies

**Kontak ons gerus vir enige navrae by 058 853 0025.**

**GP Rossouw: 082 319 9472 of Jolandri Mienie: 079 846 1075**

Rossouw Finansiële Dienste is 'n gemagtigde finansiële dienste verskaffer.
FSB 46212

RFD ROSSOUW FINANSIËLE DIENSTE

L&T BOERDERY Since 1999

Leonard Strydom: [illegible] | leonard@ltboerdery.co.za
Johannes Fourie: [illegible]
Willie Pretorius: [illegible]

AFMA

## VAKATURE VIR ADMINISTRATIEWE PARTE DAME

**INLEIDING:**
- Ervaring in parte administrasie sal 'n bonus wees.
- Bulgsaamheid om ongewone ure en naweke te werk.
- Uitstekende kliëntediens.
- Uitstekende tydbestuursvaardighede.
- Sterk interpersoonlike kommunikasievaardighede met bestuurders.

**PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE:**
- Algemene Administrasie Take
- Vakturering
- Werkskaart Administrasie
- Voorraad beheer
- Onderhoudsbestuur

**VEREISTE ERVARING EN KWALIFIKASIES:**
- Graad 12.
- Data vaslegging.
- Goeie organisasie- en beplanningsvaardighede en in staat om onder druk te werk.
- Besluitnemingsvaardighede.
- Rekenaargeletterdheid (MS Word, Excel, Outlook).
- Spanspeler (Baie belangrik).
- Uitstekende telefoniese etiket en kommunikasievaardighede.

**KENMERKE:**
- Uitstekende probleemoplossingsvaardighede.
- Goeie skryf- en kommunikasievaardighede.

**SALARIS:**
- Markverwant / Afhangende van ervaring / 13de tjek.

AANSOEKE SLUIT 10 NOVEMBER 2023

Stuur asseblief CV's aan leonard@ltboerdery.co.za

## NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203) PUBLIC NOTICE

**DEBT RELIEF AMNESTY**

**BRIDGED/FAULTY METER AMNESTY**

Ngwathe Local Municipality at its Ordinary council held on the 05th October 2023 resolved to open Debt Relief Amnesty and Meters Amnesty from **1st October until 31st December 2023.**
The Municipality is encouraging all residence to take advantage of the said opportunity by applying on the municipal prescribed forms, during office hours (08:00-16:30) Monday to Friday and for more information contact number is (056) 816 2700

1. **Debt Relief Amnesty forms are available on all municipal offices and can be emailed** cholotar@ngwathe.co.za
2. **Meter Amnesty forms for debt relief are available on all municipal offices and can be emailed** balan@ngwathe.co.za

For enquiries please contact the Chief Financial Officer or Revenue Manager during office hours on (056) 816 2700.

**Municipal Manager**

**T Manele**

## NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY

**TENDER NOTICE AND INVITATION TO TENDER**

Suitable service providers are hereby invited to submit proposal on the following:

| BID NUMBER | BID DESCRIPTION | COMPULSORY INFORMATION SESSION DATE & VENUE | EVALUATION CRITERIA | CONTACT PERSON | CLOSING DATE & TIME |
|---|---|---|---|---|---|
| [illegible] | REQUEST FOR PROPOSALS FOR APPOINTMENT OF PERSONAL PROTECTIVE EQUIPMENT (PPE) FOR ALL UNIT (PANEL) | [illegible] Non – Refundable Fee: [illegible] | [illegible] Functionality included in the bid document | [illegible] For SCM Enquiries [illegible] | [illegible] |
| [illegible] | REQUESTS FOR PROPOSALS FOR APPOINTMENT OF PLUMBING MATERIAL AS WHEN AS WE REQUIRED FOR ALL UNIT (PANEL) | [illegible] Non – Refundable Fee: [illegible] | [illegible] Functionality included in the bid document | [illegible] For SCM Enquiries [illegible] | [illegible] |
| [illegible] | REQUESTS FOR PROPOSALS FOR APPOINTMENT OF ELECTRICAL MATERIAL AS WHEN AS WE REQUIRED FOR ALL UNIT (PANEL) | [illegible] Non – Refundable Fee: [illegible] | [illegible] Functionality included in the bid document | [illegible] For SCM Enquiries [illegible] | [illegible] |
| [illegible] | REQUESTS FOR PROPOSALS FROM INDIVIDUAL COMPANIES OF [illegible] CONSTRUCTION OF [illegible] PAVED ACCESS ROAD AND STORMWATER IN WARD [illegible] GRADING: CE6PE | [illegible] Non – Refundable Fee: [illegible] | [illegible] Functionality included in the bid document | [illegible] For SCM Enquiries [illegible] | [illegible] |
| [illegible] | REQUESTS FOR PROPOSALS FROM INDIVIDUAL COMPANIES OF [illegible] CONSTRUCTION OF [illegible] PAVED ACCESS ROAD AND STORMWATER IN WARD [illegible] GRADING: CE6PE | [illegible] Non – Refundable Fee: [illegible] | [illegible] Functionality included in the bid document | [illegible] For SCM Enquiries [illegible] | [illegible] |
| [illegible] | REQUESTS FOR PROPOSALS FROM INDIVIDUAL COMPANIES FOR APPOINTMENT OF RENTAL OF YELLOW EQUIPMENT FLEET FOR A PERIOD OF THREE YEARS (PANEL) | [illegible] Non – Refundable Fee: [illegible] | [illegible] Functionality included in the bid document | SCM Enquiries [illegible] | [illegible] |

| | |
|---|---|
| PAYMENTS CANNOT BE MADE AT SUPPLY CHAIN MANAGEMENT OFFICE BUT CAN BE MADE AT THE FOLLOWING MUNICIPAL PAY POINTS: PARYS FINANCE DEPARTMENT (TOWNHALL) VREDEFORT MUNICIPAL OFFICES EDENVILLE MUNICIPAL OFFICES KOPPIES MUNICIPAL OFFICES HEILBRON MUNICIPAL OFFICES | ALTERNATIVELY, DIRECT OR ELECTRONIC DEPOSITS CAN BE MADE TO THE NLM BANK ACCOUNT: ABSA, ACCOUNT NO: [illegible] BRANCH CODE: [illegible] REF NO: YOUR BID NUMBER AND BIDDERS NAME |
| Availability of Bids Documents: [illegible] | [illegible] |

[illegible]

Mr. T Manele
Acting Municipal Manager

Heilbron Herald

Kersuitgawe – 15 Desember 2023

Wens jou kliënte 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2024 toe met ons spesiale Kerskoerant en finale uitgawe vir 2023.

Besprekings sluit 8 Desember

Volblad: R3960
Halfblad: R2080
Kwartblad: R1040
150x131mm: R 840
100x65mm: R 290
100x131mm: R 565
50x65mm: R 150

Kontak: Hendie by 071 175 9807 of
Epos: heraldnuus@heilbron.co.za

Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za



# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
Vleissentraal
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047

**POSTNET HEILBRON**

**BESIGHEIDSURE**

**Maandae - Vrydae:** 08:00 - 16:30
**Saterdae:** 09:00 - 12:00

*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*

# KENNISGEWING

**LOST OR DESTROYED DEED**
Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of **Transfer T7854/2017** passed by
**JACOB CHRISTOFFEL PRETORIUS**
**Identity number: 790129 5040 085**
and
**SUSAN PRETORIUS**
**Identity number: 810626 0110 082**
Married in community of property
In favour of
**NICOLENE WEYERS**
**Identity number: 731129 0177 082**
Married out of community of property

**In respect of:**
**ERF 1303 HEILBRON, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 1356 (ONE THOUSAND THREE HUNDRED AND FIFTY SIX) SQUARE METRES**
**HELD BY DEED OF TRANSFER T7854/2017,**
which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at HEILBRON on this 3rd day of NOVEMBER 2023
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN ATTORNEYS**
**58 PIERCE STREET,**
**HEILBRON,**
**9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**WEY4/0002/JHJ/MP**

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**Intog na Bethlehem**
DAGBOEK DIE DATUM
2 Desember 2023
TOEGANG GRATIS
Stalletjies beskikbaar teen R100 per staanplek
08:00 - 13:00 Stalletjies by Hoërskool Heilbron
09:45 Verwelkoming & Opening
10:00 Pretstap vanaf skool na Huis Bron van Heil
Bring 'n kruis of ster saam vir die Intog na Bethlehem
10:30 Geskenkies uitdeel by aftree-oord
Donasies welkom om geskenkpakkies op te maak
11:30 Pretstap terug na skool
14:00 PitStop vir Jesus Diens
Sprekers: Jan Curtin & Danie Lodder
Manie Jackson 18:00 - 19:30
DONASIES GESOEK
Navrae & Besprekings
Tanya: 083 975 8264
Alet: 060 518 1775
PitStop vir JESUS



DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za



Ons laaste uitgawe vir die jaar is DV **14 Desember 2023** en eerste uitgawe vir volgende jaar **12 Januarie 2024**.

*Bring asb alle bestellings vir drukwerk, meubels, skryfbehoeftes, ko-operatiewe klere, groot formaat drukwerk so gou moontlik, om teleurstelling te voorkom.*
**Fabriek sluit 14 Desember & winkel sluit 20 Desember 2023. Fabriek & winkel open 8 Januarie 2024.**



**Elsstr. 44 Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**




Work it Combo!
1. Vintage 100% Cotton Denim Conti Suit
Regular Price @ R352.50 ex VAT each
2. Trade Polycotton Conti Suit
Regular Price @ R187.50 ex VAT each
3. Unisex Super Club 135 T-Shirt
Regular Price @ R89.99 ex VAT each
4. Pro Basic Cap - 6 Panel
Regular Price @ R41.95 ex VAT each
5. Mega Safety Boot Steel Toe Cap
Regular Price @ R374.99 ex VAT each
Nr 2; 3; 4; 5 COMBO 1 R599.99 excluding vat SAVE R95
Nr 1; 3; 4; 5 COMBO 2 R749.99 excluding vat SAVE R110
Herald Office National
T's & C's Apply | Additional cost to be added for delivery branding & reflective tape.
Contact Silma 083 363 6553 and place your order at marketing@heilbron.co.za



SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078
POSTNET HEILBRON

# HERALD *Sport*

Ons laaste uitgawe vir die jaar is DV **14 Desember 2023** en eerste uitgawe vir volgende jaar **12 Januarie 2024**.




## VAKATURE

OK MiniMark

OK Liquor

*OK MINIMARK & OK LIQUOR PETRUS STEYN ASSISTENT - BESTUURDER*

Bogenoemde pos is beskikbaar met ingang 01 Desember 2023.

**Vereistes:**

1. Rekenaarvaardig.
2. Goeie menseverhoudings.
3. Bereid wees om sekere naweke te werk.

'n Mededingende salaris en aangename werksomstandighede word aangebied.

CV's kan slegs per e-pos gestuur word na admin7@okbultfontein.co.za Sluitingsdatum: 20/11/2023


## Wenners



*Na weke lank se stem op Facebook vir die Riemland matriekpaartjie van die jaar, is die wenner eindelik gekroon. Lungile Malindi en Robinho van Schalkwyk van Hoërskool Heilbron is gekroon as wenners. Die paartjie stap weg met 'n Canvas vir elkeen en 'n geskenkbewys by Buffalo Bistro vir 50% afslag op 'n ete van R500.00.*


Maak 'n knoop in jou oor vir **AfriForum** se **Heilbron-tak gholfdag** saam met **Gerrie Nel** en ander AfriForum-personeel!



Jy sal 'n bod kan insit om saam met hulle te speel, so begin reeds spaar!

Meer inligting volg.

AfriForum

**Datum: 4 November 2023**



L&T BOERDERY Since 1999

Leonard Strydom: [illegible]
Johannie Fourie: [illegible]
Willie Pretorius: 076 [illegible]

AFMA

## VAKATURE VIR VLOOTBEHEERDER

**INLEIDING:**

- Ervaring as 'n kontroleerder sal 'n bonus wees.
- Buigsaamheid om ongewone ure en naweke te werk.
- Uitstekende kliëntediens.
- Uitstekende tydbestuursvaardighede.
- Sterk interpersoonlike kommunikasievaardighede met bestuurders.

**PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE:**

- Om alle dokumente vereistes te bevestig, voor oplaai van alle bevestigde vragte om te verseker dat daar geen onnodige vertragings is nie.
- Stel kliënte en bestuurders onmiddellik in kennis van ontbrekende/onvolledige vereistes voor toewysing van voertuie en oplossings bied.
- Om vragmotors te verkry en te allokeer, volgens die kliënt se vereistes
- Besprekings, voor laai en regstellings. Om 'n toepaslike voertuig te verskaf, vir bevestigde bestellings.
- Om te verseker dat alle bespreekte voertuie aan statutêre vereistes en kliënte se verwagtinge voldoen en bestuurders word korrekte opdragte gegee om suksesvolle, doeltreffende aflewerings uit te voer.
- Voertuig opspoor vaardighede.
- Brandstof bestuur bedrywighede.
- Aanmelding van vragmotors (oplaai / aflaai)
- Rapporteer indien daar enige probleme is, geen oplaai of aflaai sonder verduideliking.
- Vlootbestuur en terugvoer aan die operasionele bestuurder.

**VEREISTE ERVARING EN KWALIFIKASIES:**

- Graad 12.
- Minimum 2 jaar ervaring as Logistieke Kontroleerder.
- Tegniese vaardighede.
- Data vaslegging.
- Goeie organisasie- en beplanningsvaardighede en in staat om onder druk te werk.
- Besluitnemingsvaardighede.
- Begrip van logistieke besigheidsprosedures.
- Rekenaargeletterdheid (MS Word, Excel, Outlook).
- Daaglikse opsporingstelsels.
- Spanspeler (Baie belangrik).
- Uitstekende telefoniese etiket en kommunikasievaardighede (spesifiek verwant aan bestuurders en kliënte)

**KENMERKE:**

- Uitstekende probleemoplossingsvaardighede.
- Goeie skryf- en kommunikasievaardighede.

**SALARIS:**

- Markverwant / Afhangende van ervaring / 13de tjek.

AANSOEKE SLUIT 10 NOVEMBER 2023

Stuur asseblief CV's aan leonard@ltboerdery.co.za



VISVANG-KOMPETISIE



Kleuterkasteel

11 NOVEMBER 2023

INLOOP PLAAS (HERMAN CLAASEN)

GROOT PRYSE & GELUKKIGE TREKKINGS

KAARTJIES BESKIKBAAR BY: Kleuters & Kleuterkasteelkantoor. Kaartjies sal ook by hek beskikbaar wees.

NAVRAE: 058 853 0930



BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 6 NOVEMBER 2023**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 7 NOVEMBER 2023**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

ARLINGTON 2 Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134

STANDERTON: WILLOW BEEFMASTERS
11:00, Hoëveld Veilingsentrum
Kontak Thys Verster 082 452 5543

**WOENSDAG - 8 NOVEMBER 2023**

REITZ Twee Weeklikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

GROOTVLEI: BESTORWE BOEDEL
TF BEKKER
IMPLEMENTE & LOSGOED
11:00, plaas Weldra
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

LINDLEY: LOUMA BOERDERY
644 Beeste
11:00, plaas Grootkrantz
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

**DONDERDAG - 9 NOVEMBER 2023**

FRANKFORT HERDENKINGSVEILING
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Vetvee veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 10 NOVEMBER 2023**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Jaco Breedt 082 440 8960

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za



HEILBRON OK Foods

R200 000 GIVEAWAY

SPEND R200 OR MORE AND SWIPE YOUR OK LOYALTY CARD TO WIN YOUR SHARE OF R200 000

3 WINNERS PER WEEK FOR 20 WEEKS

VALID AT: HEILBRON OK FOODS, OK LIQUOR & OK EXPRESS

18 Aug 2023 until 05 Jan 2024 Terms and Conditions Apply